(2) if re-used, be thoroughly cleaned and all old labels shall either be completely removed or covered by new labels;

(3) be strong and rigid enough to ensure that the original shape shall be retained and shall not bulge out, dent in, tear or break during normal handling, stacking and transport;

(4) in the case of carboard containers, have one end which is unwaxed on the outside unless the marking requirements prescribed are on a label which is firmly attached to one end of the container itself; and

(5) in the case of Class 1, Class 2 and Class 3 consist of Type B, B1, C, C1, C2 or Z containers: Provided that Type B, B1, C1 and C2 shall only be allowed for these classes until 31 May 1979.

7. *Container specifications:*

Container factor	Type B containers		Type C containers			Retail containers
	Type B	Type B1	Type C	Type C1	Type C2	Type Z
(1) (a) Dimensions						
(i) length (external)	500 mm	457 mm	400 mm	406 mm	428 mm	*
(ii) width (external)	300 mm	302 mm	300 mm	251 mm	274 mm	*
(iii) depth (internal)	Optional	Optional with maximum 140 mm	Optional	Optional	264 mm	*
(b) Mass	—	—	—	—	—	Optional with a net capacity of not more than 2 kg peaches or nectarines
(2) Material						
(a) Wood	Suitable for the packing of peaches and nectarines	According to S.A.B.S. specification 694 of November 1973	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(b) Cardboard	Double faced corrugated cardboard. Mass, strength, construction and ventilation shall conform to acknowledged specifications	As for Type B	As for Type B	As for Type B	—	*
(c) Other	Suitable for the packing of peaches and nectarines	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(3) Assembly						
(a) Wooden containers	Suitable for the packing and transport of peaches and nectarines	Assembled according to S.A.B.S. specification 694 of November 1973	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(b) Cardboard containers	Properly gummed, stapled or self-locking	As for Type B	As for Type B	As for Type B	—	*

* No specification.
— Not applicable.

Container factor	Type B containers		Type C containers			Retail containers
	Type B	Type B1	Type C	Type C1	Type C2	Type Z
4) Lids						
(a) Wooden containers	Shall be supplied with suitable lids, which after packing shall be securely attached to the container	According to S.A.B.S. specification 694 of November 1973	As for Type B: Provided that if not more than five containers are packed on top of one another and securely fixed together as a unit, at least the top container shall be provided with a lid which is securely attached thereto	As for Type C..	Shall be supplied with lids which are securely fastened to the containers with wire loops, specially made for this purpose	*
(b) Cardboard containers	Shall be supplied with a suitable lid which shall after packing be firmly attached to the container itself except in the case of fully telescopic containers. All lids shall fit at least 38 mm over the sides and ends of the container	As for Type B.....	As for Type B: Provided that if not more than five containers are packed on top of one another and securely fixed together as a unit, at least the top container shall be provided with a lid which is securely attached thereto	As for Type C..	—	*

* No specification.
— Not applicable.

PART IV

PACKING MATERIAL AND PACKING REQUIREMENTS

8. *Packing specifications:*

Packing factor	Type B containers		Type C containers			Retail containers
	Type B	Type B1	Type C	Type C1	Type C2	Type Z
(1) Method of packing:						
(a) *Peaches:*						
(i) Class 1 and Class 2	Single layer in rows.....	As for Type B	As for Type B	As for Type B	—	*
(ii) Class 3.....	Any suitable method.....	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(iii) Lowest Class.....	*	*	*	*	*	*
(b) *Nectarines:*						
(i) Class 1 and Class 2	Single or double layers in rows	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*	*
(ii) Class 3.....	Any suitable method.....	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(iii) Lowest Class.....		*	*	*	*	*
(2) Liners in the case of Class 1, Class 2 and Class 3 fruit:						
(a) Wooden containers—						
(i) material.....	Any suitable unprinted liner or woodwool	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(ii) dimensions of liners	Suitable dimensions.....	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(iii) placing of liners...	From side to side inside the container, across the bottom	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(iv) covering of peaches and nectarines	A suitable unprinted sheet of paper shall be placed on top of the peaches or nectarines	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(b) Cardboard containers...	Optional: Provided that if liners are used, they must conform to subregulations (2) (a) (i) and (ii)	As for Type B	As for Type B	As for Type B	—	*
(3) Paper between layers.....	A suitable sheet of unprinted white paper	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(4) Filler material.....	Woodwool or other suitable plugs may be used to ensure a firm pack	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(5) Wrapping of peaches and nectarines	May be wrapped in suitable paper	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(6) General:						
(a) Cultivars.....	In the case of Class 1, Class 2 and Class 3 peaches and nectarines, different cultivars shall not be packed together in the same container	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
(b) Filling of containers in the case of Class 1, Class 2 and Class 3 peaches and nectarines	(i) Shall be packed to capacity	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*
	(ii) Row packed peaches and nectarines shall be firmly packed in the container	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*	*
(c) Other packing requirements	Peaches and nectarines at the top of the container shall be representative of the peaches or nectarines in the rest of the container	As for Type B	As for Type B	As for Type B	As for Type B	*

* No specification.
— Not applicable.

PART V

MARKING REQUIREMENTS

Marking of containers

9. Each container except Type Z containers containing peaches or nectarines shall be marked clearly and legibly in block letters of not less than 6 mm in height on one end thereof, either on the container itself or on a label firmly attached thereto, with the following particulars—

(1) the expression "Class 1", "Class 2", "Class 3" or "Lowest Class", as the case may be;

(2) the name and the address or registered trade mark of the producer, packer or owner;

(3) the word "Peaches" or "Nectarines", as the case may be, and the cultivar of peaches or nectarines packed therein: Provided that the word "Peaches" or "Nectarines", as the case may be, may be omitted if the fruit is visible from the outside;

(4) in the case of Class 1, Class 2 and Class 3, the count applicable: Provided that if the containers of tumble packed peaches or nectarines are marked with the size group applicable this requirement need not be adhered to;

(5) in the case of Type Z containers, the class and cultivar must appear on the outside of the container; and

(6) if Type Z containers are packed in a large container, every Type Z container shall be marked according to the requirements of regulation 9 (5) and the large container according to the requirements of regulations 9 (1), (2) and (3) as well as the number of Type Z containers it contains.

Loose quantities of peaches or nectarines

10. Whenever peaches and nectarines are displayed for sale other than in containers—

(1) any quantity thereof of a particular class, count or cultivar, as the case may be, shall not be so displayed mixed with peaches or nectarines of any other class, count or cultivar; and

(2) the class and cultivar of such quantity of peaches or nectarines shall be displayed in clear legible block letters of at least 10 mm in height on a notice board prominently placed at such quantity of peaches or nectarines.

Prohibited particulars

11. No wording, illustration or other means of expression which constitutes a misrepresentation or which, directly or by implication creates a misleading impression of the contents, shall appear on a container which contains peaches or nectarines.

PART VI

INSPECTION METHODS

Sampling

12. (1) An inspector shall abstract at random for inspection purposes, a number of containers and shall satisfy himself that the containers so abstracted are representative of the consignment concerned.

(2) The inspector shall, from each container abstracted by him, abstract a sample which shall consist of—

(a) all the peaches or nectarines in a container containing 25 or less peaches or nectarines; or

(b) 25 peaches or nectarines abstracted at random from each container containing more than 25 peaches or nectarines.

Determination of external appearance, condition and size of peaches or nectarines

13. For the purpose of analysis in respect of external appearance, condition and size, the whole sample of peaches or nectarines as prescribed in regulation 12 (2) shall be used.

Test for maturity of nectarines

14. (1) *Too immature.*—In order to determine whether a consignment is too immature, five of the fruit that are, in the opinion of the inspector, the most immature shall be selected from each sample abstracted according to regulation 12 (2). A thin slice of peel shall be removed from the lowest point of the suture of each of these fruit. The pressure of the flesh of the fruit shall be determined by applying a Bullauf pressure tester, fitted with a plunger of 11,1 mm in diameter, at the spot where the peel was removed. The average of all the pressure readings obtained from all the nectarines in the relative sample, shall be deemed to be representative of the consignment or count concerned.

(2) *Over mature.*—In order to determine whether a consignment is over mature, the sample abstracted according to regulation 12 (2) shall be examined and it shall be determined whether such nectarines are subject to slip-skin.

Test for maturity of peaches

15. (1) *Too immature.*—In order to determine whether a consignment is too immature, five of the fruit that are, in the opinion of the inspector the most immature shall be selected from each sample abstracted according to regulation 12 (2). A thin slice of peel shall be removed from two opposite sides of each peach in such a way that the suture of the peach is avoided. The pressure of the flesh of the peach shall be determined at the areas from where the peel was removed by applying a Bullauf pressure tester fitted with a plunger of 11,1 mm in diameter. The readings in respect of each side of each peach shall be noted separately and then the average of all the pressure readings thus obtained from all the peaches in the sample concerned shall be calculated. Such average of all the pressure readings shall be deemed to be representative of the relative consignment or count, as the case may be. The peaches shall be deemed to be sufficiently mature if the average of the pressure reading does not exceed the prescribed average pressure.

(2) *Over mature.*—In order to determine whether a consignment is over mature, the sample abstracted according to regulation 12 (2), shall be examined and it shall be determined whether the fruit is subject to slip-skin.

(5 May 1978)

KENNISGEWING 361 VAN 1978

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN PERSKES EN KAALPERSKES BESTEM VIR VERKOOP IN SEKERE GEBIEDE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA—VOORGESTELDE VERVANGING

Die Afdeling Inspeksiedienste van die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking is van voorneme om die Minister van Landbou te versoek om die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1530 van 8 Oktober 1965, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings R. 2081 van 23 Desember 1966, R. 1950 van 8 Desember 1967, R. 536 van 30 Maart 1972, R. 2254 van 8 Desember 1972 en R. 2434 van 29 Desember 1972, te herroep en die regulasies soos in die Bylae hiervan uiteengesit te publiseer.

Belanghebbende persone word hierby versoek om binne drie maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik kommentare of vertoë wat hulle in verband met die voorgestelde regulasies wil maak, aan die Direkteur, Afdeling Inspeksiedienste, Privaatsak X258, Pretoria, 0001, voor te lê.

BYLAE

INHOUD

	Regulasies
Woordomskrywings	1
DEEL I	
Algemeen	2–4
DEEL II	
Gehaltevereistes	5
DEEL III	
Houers	6–7
DEEL IV	
Verpakkingsmateriaal en verpakkingsvereistes	8
DEEL V	
Merkvereistes	9–11
DEEL VI	
Inspeksiemetodes	12–15

Woordomskrywings

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"bederf", met betrekking tot perskes en kaalperskes, 'n toestand waar verrotting, swamontwikkeling of insekbesmetting wat die gehalte van die perskes of kaalperskes nadelig beïnvloed;

"besending", met betrekking tot perskes en kaalperskes, 'n hoeveelheid perskes of kaalperskes van dieselfde klas wat op 'n bepaalde tydstip afgelewer word onder dekking van dieselfde aflewerings brief, vragbrief of ontvangsbewys, of van dieselfde voertuig, of indien so 'n hoeveelheid van dieselfde klas ingedeel is in verskillende cultivars, groottegroepe of tellings, elke hoeveelheid van elke van die verskillende cultivars, groottegroepe of tellings, na gelang van die geval;

"besering", met betrekking tot perskes en kaalperskes, enige wond of prik wat die skil van die vrug deurdring en die vlees blootstel, behalwe sulke wonde of prikke wat volkome genees, vereelt of droog geraak het;

"Departement" die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking;

"deursnee", met betrekking tot perskes en kaalperskes, die grootste deursnee gemeet reghoekig met 'n lyn wat strek van die blom- tot die stingelent van die vrug;

"die Wet" die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968);

"Direkteur" die Direkteur van die Afdeling Inspeksiedienste van die Departement;

"goedgevormd" dat die perskes of kaalperskes 'n vorm het wat normaalweg kenmerkend van die betrokke cultivar is;

"inspekteur" 'n persoon aangewys kragtens artikel 85 van die Wet;

"kaalperske" die vrug van die boom *Prunus persica* var. *nectarina*;

"kneusplek", met betrekking tot perskes en kaalperskes, enige kneusplek of kneusplekke wat verkleuring direk onder die skil tot gevolg het;

"letsels", met betrekking tot perskes en kaalperskes, enige uitwendige gebrek op die oppervlakte van die vrug wat die voorkoms daarvan nadelig beïnvloed;

"perske" die vrug van die boom *Prunus persica*;

"telling" die getal perskes of kaalperskes wat in 'n houer verpak is; en

"vreemde stowwe" enige materiaal nie normaalweg in, op of tussen die perskes of kaalperskes teenwoordig nie, uitgesonderd sodanige materiaal wat kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (No. 54 van 1972) toegelaat is.

DEEL I

ALGEMEEN

Doel van regulasies

2. Hierdie regulasies is gemaak vir die doel van die verbod wat kragtens artikel 84 van die Wet, op die verkoop van perskes of kaalperskes in sekere gebiede van die Republiek opgelê is, uitgesonderd perskes of kaalperskes wat vir verwerking in 'n fabriek bestem is.

Inspeksie

3. (1) 'n Inspekteur mag in 'n besending perskes of kaalperskes soveel houers onttrek en oopmaak en die inhoud daarvan inspekteer en monsters van sodanige inhoud verwyder vir die doel van verdere toetsing of ontleding as wat hy nodig mag ag.

(2) 'n Inspekteur se bevinding met betrekking tot die houers deur hom oopgemaak uit hoofde van die bepalings van subregulasie (1), en die inhoud daarvan, geld as 'n bevinding ten opsigte van die hele besending waaruit sodanige houers onttrek is.

Appèl

4. (1) Enige persoon wat hom deur enige beslissing of optrede van 'n inspekteur veronreg ag, mag appèl aanteken teen sodanige beslissing of optrede deur binne 24 uur nadat hy van daardie beslissing of optrede in kennis gestel is, 'n kennisgewing van appèl by 'n inspekteur in te dien en binne genoemde tydperk by dié inspekteur, of by enige kantoor van die Afdeling Inspeksiedienste van die Departement, 'n deposito van R15 te deponeer: Met dien verstande dat 'n afsonderlike deposito gedeponeer moet word ten opsigte van elke afsonderlike besending en met dien verstande verder dat indien die kennisgewing van appèl en die deposito nie binne die voorgeskrewe tydperk van 24 uur ingehandig en gedeponeer word nie, die appellant sy reg van appèl ingevolge hierdie regulasie verbeur.

(2) 'n Inspekteur mag aan die perskes of kaalperskes ten opsigte waarvan appèl aangeteken is, of aan die houers daarvan, enige merk of merke aanbring wat hy vir uitkenningsdoeleindes nodig mag ag, en sodanige besending perskes of kaalperskes mag nie sonder sy toestemming van die plek waar dit geïnspekteer of opgeberg is, verwyder word nie.

(3) Die Sekretaris van die Departement of 'n beampte van die Departement deur hom benoem, wys 'n persoon of persone aan deur wie oor so 'n appèl beslis moet word binne 72 uur (uitgesonderd Sondae en openbare vakansiedae) na indiening daarvan, en die beslissing van die aldus aangewese persoon of persone sal afdoende wees.

(4) Die aldus aangewese persoon of persone moet die appellant of sy verteenwoordiger minstens twee uur kennis gee van die tyd en plek bepaal vir die verhoor van die appèl en mag, nadat die betrokke perskes of kaalperskes vertoon en uitgeken is en alle belanghebbendes aangehoor is, alle persone (met inbegrip van die appellant, sy verteenwoordiger en die inspekteur) gelas om die plek waar die appèl oorweeg word te verlaat.

(5) (a) Indien die appèl gehandhaaf word, word die bedrag wat ten opsigte daarvan gedeponeer is, aan die appellant terugbetaal.

(b) Indien die appèl van die hand gewys word, of indien die betrokke perskes of kaalperskes nie op die tyd en plek bepaal deur die persoon of persone wat aangewys is om oor die appèl te beslis, vertoon word nie word die bedrag wat ten opsigte daarvan gedeponeer is, verbeur.

DEEL II

GEHALTEVEREISTES

Klasse

5. (1) Daar is vier klasse perskes of kaalperskes, naamlik Klas 1, Klas 2, Klas 3 en Laagste Klas, ten opsigte waarvan die spesifikasies en maksimum toelaatbare afwykings in subregulasies (2) en (3) onderskeidelik, voorgeskryf word.

(2) *Spesifikasies:*

Gehaltefaktore	Klas 1	Klas 2	Klas 3	Laagste Klas
(a) Gespesifiseerde gebreke:				
(i) Voorkoms	Aantreklik	Taamlik aantreklik	*	*
(ii) Vorm	Goedgevormd	Taamlik goedgevormd	Redelik goedgevormd	*
(iii) Kleur	Goed en tipies vir die betrokke cultivar	Taamlik goed vir die betrokke cultivar	Redelik goed vir die betrokke cultivar	*
(iv) Groottegroepe (deursnee/minimum)—				
(aa) Perskes	—	Soos vir Klas 1	Soos vir Klas 1	*
groot	67 mm	—	—	—
medium	60 mm	—	—	—
klein	44 mm	—	—	—
(bb) Kaalperskes (ingeslote Marina)	—	Soos vir Klas 1	Soos vir Klas 1	*
groot	57 mm	—	—	—
medium	51 mm	—	—	—
klein	44 mm	—	—	—
(v) Rypheid—				
(aa) te groen (maksimum gemiddelde druk in kg)	11,8	11,8	12,8	*
(bb) te ryp	Geen oorrypheid of glipskil	Soos vir Klas 1	Redelik vry van oorrypheid en glipskil	*
(vi) Beserings	Geen	Geen	Feitlik vry	*
(vii) Kneusplekke	Geen	Feitlik vry	Taamlik vry	*
(viii) Letsels	Feitlik vry	Taamlik vry	Redelik vry	*
(ix) Insektebeskadiging	Geen	Geen	Feitlik vry	*
(x) Bederf	Geen	Geen	Geen	*
(xi) Gesplete pitte	Geen	Taamlik vry	*	*
(xii) Blare en spore	Feitlik vry	Taamlik vry	Redelik vry	*
(xiii) Vreemde stowwe	Geen	Geen	Geen	*
(b) Eenvormigheid van grootte in dieselfde houer	Eenvormig: Met dien verstande dat vrugte hoogstens 6 mm in deursnee binne dieselfde houer mag verskil	Soos vir Klas 1	Redelik eenvormig	*
(c) Ongespesifiseerde gebreke	Geen	Geen	Geen	*

* Geen spesifikasie.
— Nie van toepassing nie.

(3) *Afwykings*—gemiddeld per besending (maksimum persentasie volgens getal):

Gehaltefaktor	Klas 1	Klas 2	Klas 3
	%	%	%
(a) Bederf	2	4	6
(b) Eenvormigheid van grootte in dieselfde houer	10	15	20
(c) Deursnee	10	15	20
(d) Alle ander gehaltegebreke gesamentlik, uitgesonderd die in (b) en (c) genoem: Met dien verstande dat die perke in (a) nie oorskry word nie	10	15	20

DEEL III

HOUERS

Algemeen

6. Houers wat perskes of kaalperskes bevat moet—

(1) skoon, geskik, in 'n goeie toestand wees en vervaardig wees van 'n stof wat nie 'n smaak of reuk aan die vrugte sal oordra nie;

(2) indien hergebruik, deeglik skoongemaak word en al die ou etikette moet heeltemal verwyder of deur nuwe etikette bedek wees;

(3) sterk en stewig genoeg wees om te verseker dat die oorspronklike vorm behoue sal bly en dit nie sal uitdy, induik, breek of skeur tydens normale hantering, stapeling en vervoer nie;

(4) in die geval van kartonhouers een ent hê wat aan die buitekant opgewaks is, tensy die voorgeskrewe merkvereistes op 'n etiket aangebring is wat stewig aan die een ent vasgeheg is; en

(5) in die geval van Klas 1, Klas 2 en Klas 3, bestaan uit Tipe B-, B1-, C-, C1-, C-2 of Z-houers: Met dien verstande dat Tipe B, B1, C1 en C2 slegs tot 31 Mei 1979 vir hierdie klasse toegelaat sal word.

(7) *Houerspesifikasies:*

Houerfaktor	Tipe B-houers		Tipe C-houers			Kleinhandelhouers
	Tipe B	Tipe B1	Tipe C	Tipe C1	Tipe C2	Tipe Z
(1) (a) Afmetings:						
(i) lengte (buite)..	500 mm.....	457 mm.....	400 mm.....	406 mm.....	428 mm.....	*
(ii) breedte (buite).	300 mm.....	302 mm.....	300 mm.....	251 mm.....	274 mm.....	*
(iii) diepte (binne).	Opsioneel.....	Opsioneel met maksimum 140 mm	Opsioneel.....	Opsioneel.....	264 mm.....	*
(b) Massa.....	—	—	—	—	—	Opsioneel met netto kapasiteit vir hoogstens 2 kg perskes of kaalperskes.
(2) Materiaal:						
(a) Hout.....	Geskik vir die verpakking van perskes en kaalperskes	Volgens S.A.B.S.-spesifikasie van 694 van November 1973	Soos vir Tipe B.....	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B.....	*
(b) Karton.....	Dubbelvlakriffelkarton. Massa, sterkte, konstruksie en ventilasie moet aan erkende spesifikasies voldoen	Soos vir Tipe B.....	Soos vir Tipe B.....	Soos vir Tipe B	—	*
(c) Ander.....	Geskik vir die verpakking van perskes en kaalperskes	Soos vir Tipe B.....	Soos vir Tipe B.....	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B.....	*
(3) Montering:						
(a) Houthouers.....	Geskik vir die verpakking en vervoer van perskes en kaalperskes	Gemonteer volgens S. A. B. S.-spesifikasie 694 van November 1973	Soos vir Tipe B.....	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B.....	*
(b) Kartonhouers.....	Behoorlik gegom, gekram of selfsluitend	Soos vir Tipe B.....	Soos vir Tipe B.....	Soos vir Tipe B	—	*
(4) Deksels:						
(a) Houthouers.....	Moet van geskikte deksels voorsien wees wat na verpakking stewig aan die houers vasgeheg is	Volgens S.A.B.S.-spesifikasie 694 van November 1973	Soos vir Tipe B: Met dien verstande dat indien hoogstens vyf houers opmekaar stewig as 'n eenheid aanmekaar vasgeheg is, slegs die boonste houer van 'n deksel wat stewig daaraan vasgeheg is voorsien hoef te wees	Soos vir Tipe C	Moet van deksels voorsien wees wat stewig aan die houers vasgeheg is met draadlusse wat spesiaal vir hierdie doel gemaak is	*
(b) Kartonhouers.....	Moet van 'n geskikte deksel voorsien wees wat na verpakking stewig aan die houer vasgeheg is behalwe in die geval van vol teleskopiese houers. Alle deksels moet minstens 38 mm oor die sye en ente van die houer pas	Soos vir Tipe B.....	Soos vir Tipe B: Met dien verstande dat indien hoogstens vyf houers opmekaar stewig as 'n eenheid aanmekaar vasgeheg is, slegs die boonste houer van 'n deksel wat stewig daaraan vasgeheg is voorsien moet wees	Soos vir Tipe C	—	*

* Geen spesifikasie.
— Nie van toepassing nie.

DEEL IV

VERPAKKINGSMATERIAAL EN VERPAKKINGSVEREISTES

8. *Verpakkingsspesifikasies:*

Verpakkingsfaktor	Tipe B-houers		Tipe C-houers			Kleinhandelhouers
	Tipe B	Tipe B1	Tipe C	Tipe C1	Tipe C2	Tipe Z
(1) Verpakkingsmetode:						
(a) Perskes—						
(i) Klas 1 en Klas 2	Enkellaag in rye.....	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	—	*
(ii) Klas 3.....	Enige geskikte wyse.....	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*
(iii) Laagste Klas...	*	*	*	*	*	*
(b) Kaalperskes—						
(i) Klas 1 en Klas 2	Enkel- of dubbellaag in rye	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*	*
(ii) Klas 3.....	Enige geskikte wyse.....	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*
(iii) Laagste Klas..	*	*	*	*	*	*
(2) Voering in die geval van Klas 1-, Klas 2- en Klas 3-vrugte:						
(a) Houthouers—						
(i) materiaal.....	Enige geskikte onbedrukte voering of houtwol	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*
(ii) afmetings van voerings	Geskikte afmetings.....	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*
(iii) plasing van voering	Sykant tot sykant binnein houer, dwarsoor die bodem	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*
(iv) bedekking van perskes en kaalperskes	'n Geskikte onbedrukte vel papier moet bo-op die perskes of kaalperskes geplaas word	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*

* Geen spesifikasie.
— Nie van toepassing nie.

Verpakkingsfaktor	Tipe B-houers		Tipe C-houers			Kleinhandelhouers
	Tipe B	Tipe B1	Tipe C	Tipe C1	Tipe C2	Tipe Z
(b) Kartonhouers.....	Opsioneel: Met dien verstande dat indien voering gebruik word, moet dit aan subregulasie (2) (a) (i) en (ii) voldoen	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	—	*
(3) Papier tussen lae.....	'n Geskikte onbedrukte vel wit papier	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*
(4) Opvulmateriaal.....	Houtwol of ander geskikte proppe mag gebruik word om 'n stewige verpakking te verseker	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*
(5) Toedraai van perskes en kaalperskes	Mag in geskikte papier toegedraai wees	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*
(6) Algemeen:						
(a) Cultivars.....	In die geval van Klas 1-, Klas 2- en Klas 3-perskes en kaalperskes, moet verskillende cultivars nie in dieselfde houer verpak word nie	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*
(b) Opvul van houers in die geval van Klas 1-, Klas 2- en Klas 3-perskes en kaalperskes	(i) moet volverpak wees (ii) Ryverpakte perskes en kaalperskes moet stewig in houer verpak wees	Soos vir Tipe B —	Soos vir Tipe B —	Soos vir Tipe B —	Soos vir Tipe B —	* —
(c) Ander verpakkingsvereistes	Perskes en kaalperskes bo in houer moet verteenwoordigend van die res van die perskes of kaalperskes in die houer wees	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	Soos vir Tipe B	*

* Geen spesifikasie.
— Nie van toepassing nie.

DEEL V

MERKVEREISTES

Merk van houers

9. Elke houer uitgesonderd Tipe Z-houers wat perskes of kaalperskes bevat, moet duidelik en leesbaar in blokletters minstens 6 mm hoog, op die een ent van die houer, òf op die houer self òf op 'n etiket wat stewig aan die een ent daarvan vasgeheg is, met die volgende besonderhede gemerk wees:

(1) Die uitdrukking "Klas 1", "Klas 2", "Klas 3" of "Laagste Klas", na gelang van die geval;
(2) die naam en adres of geregistreerde handelsmerk van die produsent, verpakker of eienaar;
(3) die woord "Perskes" of "Kaalperskes", na gelang van die geval, en die cultivar perskes of kaalperskes daarin verpak: Met dien verstande dat die woord "Perskes" en "Kaalperskes", na gelang van die geval, weggelaat mag word indien die vrugte van buite sigbaar is;
(4) in die geval van Klas 1, Klas 2 en Klas 3, die toepaslike telling: Met dien verstande dat indien die houers van tuimelverpakte perskes en kaalperskes met die toepaslike groottegroep gemerk is, hierdie vereiste nie nagekom hoef te word nie;
(5) in die geval van Tipe Z-houers, moet die klas en cultivar buite op die houer verskyn; en
(6) indien Tipe Z-houers in 'n groot houer verpak word, moet elke Tipe Z-houer volgens die vereistes van regulasie 9 (5) en die groot houer volgens die vereistes van regulasies 9 (1), (2) en (3) gemerk wees asook met die aantal Tipe Z-houers wat dit bevat.

Los hoeveelhede perskes of kaalperskes

10. Wanneer perskes of kaalperskes anders as in houers vir verkoop uitgestal is—

(1) mag enige hoeveelheid daarvan, van 'n bepaalde klas, telling of cultivar, na gelang van die geval, nie deurmekaar met perskes of kaalperskes van enige ander klas, telling of cultivar aldus uitgestal wees nie; en
(2) moet die klas en cultivar van sodanige hoeveelheid perskes of kaalperskes in duidelike leesbare blokletters van minstens 10 mm hoog aangedui wees op 'n kennisgewingbord wat prominent by die betrokke hoeveelheid perskes of kaalperskes geplaas is.

Verbode besonderhede

11. Geen bewoording, illustrasie of ander metode van begripsuitdrukking wat 'n wanvoorstelling behels of wat regstreeks of by implikasie 'n misleidende indruk van die inhoud skep, mag op 'n houer wat perskes of kaalperskes bevat, verskyn nie.

DEEL VI

INSPEKSIEMETODES

Monsterneming

12. (1) 'n Inspekteur moet 'n aantal houers vir inspeksiedoeleindes op 'n ewekansige wyse onttrek en homself tevrede stel dat die houers aldus onttrek verteenwoordigend is van die betrokke besending.
(2) Die inspekteur moet uit elke houer deur hom onttrek, 'n monster neem wat bestaan uit—

(a) al die perskes of kaalperskes in 'n houer wat 25 of minder perskes of kaalperskes bevat; of
(b) 25 perskes of kaalperskes ewekansig onttrek uit elke houer wat meer as 25 perskes of kaalperskes bevat.

Bepaling van die uitwendige voorkoms, toestand en grootte van perskes of kaalperskes

13. Vir die doel van ontleding ten opsigte van uitwendige voorkoms, toestand en grootte moet die hele monster soos voorgeskryf in regulasie 12 (2) gebruik word.

Toets vir rypheid van kaalperskes

14. (1) *Te groen.*—Ten einde te bepaal of 'n besending te groen is, moet die 5 vrugte wat na die inspekteur se mening die onrypste is uit elke monster ooreenkomstig regulasie 12 (2) onttrek, uitgesoek word. 'n Dun lagie skil moet op die laagste punt van die naat van elke vrug verwyder word. Die druk van die vlees van die vrug moet bepaal word deur op die plek waar die skil verwyder is, 'n Ballaufdrukmeter met 'n suier van 11,1 mm in deursnee, aan te wend. Die gemiddelde van al die druklesings wat aldus van al die kaalperskes in die betrokke monster verkry is, word geag verteenwoordigend van die betrokke besending of telling te wees.

(2) *Oorryp.*—Ten einde te bepaal of 'n besending oorryp is, moet die monster ooreenkomstig regulasie 12 (2) onttrek, ondersoek word en bepaal word of sodanige kaalperskes aan glipskil onderhewig is.

Toets vir rypheid van perskes

15. (1) *Te groen.*—Ten einde te bepaal of 'n besending te groen is, moet die 5 vrugte wat na die inspekteur se mening die onrypste is uit elke monster ooreenkomstig regulasie 12 (2) onttrek, uitgesoek word. 'n Dun lagie skil moet van twee teenoorgestelde kante van elke perske op so 'n manier verwyder word dat die naat van die perske vermy word. Die druk van die vlees van die vrug moet bepaal word deur op die oppervlaktes waar die skil verwyder is, 'n Ballaufdrukmeter met 'n suier van 11,1 mm in deursnee, aan te wend. Die lesings ten opsigte van elke kant van elke perske word afsonderlik genoteer en hierna word die gemiddeld van al die druklesings wat aldus van al die perskes in die betrokke monster verkry is, bereken. Sodanige gemiddelde van al die druklesings word geag verteenwoordigend te wees van die betrokke besending of telling, na gelang van die geval. Die perskes word as ryp genoeg geag as die gemiddeld van die druktoetslesings nie die voorgeskrewe gemiddelde druk oorskry nie.

(2) *Oorryp.*—Ten einde te bepaal of 'n besending oorryp is, moet die monster ooreenkomstig regulasie 12 (2) onttrek, ondersoek word en bepaal word of sodanige perskes aan glipskil onderhewig is.

(5 Mei 1978)

NOTICE 365 OF 1978

DEPARTMENT OF FINANCE

ISSUE OF INTERNAL REGISTERED STOCK, 10⅝ PER CENT, 2000 AND INTERNAL REGISTERED STOCK, 8⅝ PER CENT, 1981, OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

The under-mentioned Republic of South Africa Internal Registered Stocks will be issued on 15 May 1978:

A. INTERNAL REGISTERED STOCK, 10⅝ PER CENT, 2000

Issue price R100 per cent payable in full on application or not less than R10 per cent payable on application and the remainder on or before 15 July 1978. The principal of this Stock will be repayable at par on 15 April 2000 and interest will be payable half-yearly on 15 April and 15 October.

B. INTERNAL REGISTERED STOCK, 8⅝ PER CENT, 1981

Issue price R100 per cent payable in full on application. The principal of this Stock will be repayable at par on 15 May 1981 and interest will be payable half-yearly on 15 May and 15 November.

Subscription lists for cash applications will open on 15 May 1978 and will be closed on or before 23 May 1978.

Prospectuses and application forms for cash subscriptions will be obtainable from banks in the Republic and South-West Africa and from the Treasury, Pretoria, during the period that the subscription lists are open.

(5 May 1978)

NOTICE 366 OF 1978

WITHDRAWAL OF THE COMMISSION OF INQUIRY INTO THE SUBJECT OF THE CREDIT AGREEMENT BILL (B85/'77)

It is hereby made known for purposes of general information that the State President of the Republic of South Africa has been pleased to withdraw the Commission of 11 November 1977 (*Government Gazette* 5799 of that date) in terms of which a Commission of Inquiry has been appointed to investigate the subject of the Credit Agreements Bill (B85—'77).

(5 May 1978)

KENNISGEWING 365 VAN 1978

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

UITGIFTE VAN BINNELANDSE GEREGISTREERDE EFFEKTE, 10⅝ PERSENT, 2000 EN BINNELANDSE GEREGISTREERDE EFFEKTE, 8⅝ PERSENT, 1981 VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die ondergenoemde Binnelandse Geregistreerde Effekte van die Republiek van Suid-Afrika sal op 15 Mei 1978 uitgereik word:

A. BINNELANDSE GEREGISTREERDE EFFEKTE, 10⅝ PERSENT, 2000

Uitgifteprys R100 persent ten volle betaalbaar op aanvraag, of minstens R10 persent op aanvraag en die res voor of op 15 Julie 1978. Die kapitaal van hierdie effekte is op 15 April 2000 teen pari terugbetaalbaar, en die rente is halfjaarliks op 15 April en 15 Oktober betaalbaar.

B. BINNELANDSE GEREGISTREERDE EFFEKTE, 8⅝ PERSENT, 1981

Uitgifteprys R100 persent ten volle betaalbaar op aanvraag. Die kapitaal van hierdie effekte is op 15 Mei 1981 teen pari terugbetaalbaar en die rente is halfjaarliks op 15 Mei en 15 November betaalbaar.

Inskrywingslyste ten opsigte van kontantaansoeke word op 15 Mei 1978 oopgestel en sal voor of op 23 Mei 1978 gesluit word.

Prospektusse en aansoekvorms vir kontantinskrywings sal, gedurende die tydperk wat die inskrywingslyste oop is, by banke in die Republiek en Suidwes-Afrika en by die Tesourie, Pretoria, verkrygbaar wees.

(5 Mei 1978)

KENNISGEWING 366 VAN 1978

TERUGTREKKING VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE ONDERWERP VAN DIE WETSONTWERP OP KREDIETOOREENKOMSTE (W85—'77)

Dit word hierby vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika behaag het om die Opdrag van 11 November 1977 (*Staatskoerant* 5799 van daardie datum), waarby 'n Kommissie aangestel is om ondersoek in te stel na die Onderwerp van die Wetsontwerp op Kredietooreenkomste (W85—'77, in te trek.

(5 Mei 1978)

NOTICE 367 OF 1978

TRADE PRACTICES ACT, 1976 (ACT 76 OF 1976)

In terms of section 16 of the Trade Practices Act, 1976 (Act 76 of 1976), notice is hereby given that the Minister of Economic Affairs intends to publish under section 15 of the said Act a notice, the purport of which is set out in the Schedule hereto.

All interested persons are requested to lodge objections or representations regarding the proposed notice in writing with the Secretary for Commerce, Private Bag X84, Pretoria, 0001, before 5 June 1978.

SCHEDULE

1. In this notice, unless the context otherwise indicates, any word to which a meaning has been assigned in the Trade Practices Act, 1976 (Act 76 of 1976), shall have a corresponding meaning, and—

"multi-level marketing scheme" means any trading scheme which includes the following elements, that is to say—

(a) goods or services, or both are to be provided by the person operating the scheme (in this notice referred to as "the promoter"), or, in the case of a scheme operated by two or more than two persons acting in concert (in this notice referred to as "the promoters"), by one or more than one of those persons;

(b) the goods or services referred to in paragraph (a) are to be provided to or for other persons under transactions effected by one or more persons (other than the promoter or any of the promoters) who participate in the scheme (each of whom is referred to in this notice as "a participant");

(c) the transactions referred to in paragraph (b), or most of them, are to be effected elsewhere than at the premises at which a promoter or a participant, effecting such transactions, normally carries on business; and

(d) the prospect, in whatsoever manner, is held out to participants of receiving a payment or any other benefit in respect of any one or more of the following events:

(i) The introduction of persons who become participants;

(ii) the promotion, transfer, or change of status, of participants within the trading scheme;

(iii) the providing of goods to other participants;

(iv) the providing of training facilities or other services for other participants;

(v) the effecting of transactions by a participant other than the first-mentioned participant in respect of which goods or services are to be provided to other persons than participants:

Provided that, for purposes of this notice—

(i) a "transaction" shall include a transaction whereby any person becomes a participant in a multi-level marketing scheme;

(ii) a trading scheme shall be deemed to include the principle referred to in paragraph (b), irrespective of whether any transaction referred to in that paragraph is to be effected by a participant in the capacity of employee or agent of the promoter or of any of the promoters, or in any other capacity; and

(iii) no transaction effected by a participant in a multi-level marketing scheme under that scheme shall be taken into account in order to determine for purposes of paragraph (c) whether premises are premises at which that participant normally carries on business.

KENNISGEWING 367 VAN 1978

WET OP HANDELSPRAKTYKE, 1976 (WET 76 VAN 1976)

Kragtens artikel 16 van die Wet op Handelspraktyke, 1976 (Wet 76 van 1976), word hiermee kennis gegee dat die Minister van Ekonomiese Sake van voorneme is om ingevolge artikel 15 van genoemde Wet 'n kennisgewing te publiseer soos in die Bylaag hiervan uiteengesit.

Alle belanghebbende persone word versoek om besware of vertoë skriftelik by die Sekretaris van Handel, Privaatsak X84, Pretoria, 0001, voor of op 5 Junie 1978 in te dien.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het enige woord wat in die Wet op Handelspraktyke, 1976 (Wet 76 van 1976), omskryf is, 'n ooreenstemmende betekenis en beteken—

"meervlakkige bemarkingskema" enige handelskema wat die volgende beginsels insluit, te wete:

(a) Goedere of dienste of beide moet deur die persoon wat die skema bedryf (in hierdie kennisgewing "die promotor" genoem), of in die geval van 'n skema wat deur twee of meer persone gesamentlik beldryf word (in hierdie kennisgewing "die promotors" genoem), deur een of meer as een van daardie persone verskaf word;

(b) die goedere of dienste bedoel in paragraaf (a) moet ingevolge transaksies bewerkstellig deur een of meer as een persoon (elkeen waarvan in hierdie kennisgewing 'n "deelnemer" genoem word) wat aan die skema deelneem (en wat nie die promotor, of enige van die promotors, is nie), aan ander persone as deelnemers verskaf word;

(c) die transaksies bedoel in paragraaf (b), of die meerderheid daarvan, moet bewerkstellig word op 'n ander plek as op die sakeperseel waar die promotor of deelnemer wat daardie transaksies bewerkstellig, gewoonlik sake doen; en

(d) die vooruitsig, op welke wyse ook al, moet aan 'n deelnemer voorgehou word om 'n betaling of ander voordeel te ontvang ten opsigte van een of meer van die volgende gebeurtenisse:

(i) Die voorstelling van persone wat deelnemers word;

(ii) die bevordering, verplasing, of verandering in status, van enige deelnemer binne die handelskema;

(iii) die verskaffing van goedere aan ander deelnemers;

(iv) die verskaffing van opleidingsfasiliteite of ander dienste aan ander deelnemers;

(v) die bewerkstelliging van transaksies deur 'n ander deelnemer as eersbedoelde deelnemer ten opsigte waarvan goedere of dienste aan ander persone as deelnemers verskaf moet word:

Met dien verstande dat, by die toepassing van hierdie kennisgewing—

(i) 'n "transaksie" ook 'n transaksie insluit waarvolgens 'n persoon 'n deelnemer aan 'n meervlakkige bemarkingskema word;

(ii) 'n handelskema geag word om die beginsel bedoel in paragraaf (b) in te sluit, ongeag of 'n transaksie bedoel in daardie paragraaf deur 'n deelnemer in die hoedanigheid van werknemer of agent van die promotor of van enige van die promotors, of in enige ander hoedanigheid, bewerkstellig moet word; en

(iii) geen transaksie wat deur 'n deelnemer aan 'n meervlakkige bemarkingskema ingevolge daardie skema bewerkstellig word, in aanmerking geneem word nie ten einde vir doeleindes van paragraaf (c), te bepaal of 'n perseel die perseel is waarop daardie deelnemer gewoonlik sake doen.

2. No person shall issue, circulate or distribute or cause any person to issue, circulate or distribute any document which is an advertisement, prospectus, circular or notice and contains an invitation to persons to become participants in a multi-level marketing scheme or any information calculated to lead directly or indirectly to persons becoming participants in such a scheme, unless such document—

(a) states the date on which it was first published;

(b) states the date from which the scheme first operated in the Republic or, in the case of a proposed scheme, the date on which it is proposed to operate that scheme;

(c) states the name and address of the promoter or, in the case of a scheme operated by more than one person, the names and addresses of all the promoters;

(d) describes the goods or services which form the subject of the scheme;

(e) states whether the transactions to be effected under the scheme by participants are to be effected in the capacity of employee or agent of the promotor or promoters or of one of the promoters or as a principal;

(f) describes the role of participants, or if there are two or more classes of participants, the role of each class of participant and, if participants are expected to induce other persons to purchase goods or acquire services, indicates that the participants are expected so to induce those other persons;

(g) sets out the terms and conditions of the agreement on which persons invited to join the multi-level marketing scheme are to participate;

(h) states the total number of participants in the relevant scheme or, if the scheme involves different classes of participants, the total number of participants in each class, at the date of publication of the document or at a date specified therein not being earlier than three months before the date of publication; and

(i) where the relevant scheme was in operation at the date 12 months prior to the date of publication of the document, states the total number of participants or, if the scheme at the first-mentioned date involved different classes of participants, the total number of participants in each class, at that first-mentioned date.

3. No person shall issue, circulate or distribute or cause any person to issue, circulate or to distribute any document referred to in paragraph 2 if such document—

(a) includes any assertion or suggestion that the recruitment of participants is easy or that participants in the multi-level marketing scheme will inevitably benefit financially from the scheme;

(b) includes any example or illustration of the operation of the scheme in which the benefits which may accrue to a participant are demonstrated by aggregating the particular benefits to which a participant is entitled in consequence of each of a series of similar transactions or other occurrences;

(c) indicates or suggests that a participant will as a result of the participation in a scheme derive at any time or during any period a specified financial benefit or a financial benefit which will be not less than or greater than a specified sum.

4. No promoter of, or participant in, a multi-level marketing scheme shall—

(a) provide goods or a service to a participant in the scheme;

2. Niemand mag 'n dokument uitreik, sirkuleer of versprei of deur iemand laat uitreik, sirkuleer of versprei nie wat 'n advertensie, prospektus, omsendbrief of kennisgewing is en wat 'n uitnodiging aan persone om deelnemers aan 'n meervlakkige bemarkingskema te word of enige inligting wat daarop bereken is om regstreeks of onregstreeks aanleiding te gee dat persone deelnemers aan so 'n skema word, bevat, tensy sodanige dokument—

(a) die datum vermeld waarop dit die eerste maal gepubliseer is;

(b) die datum vermeld sedert wanneer die skema vir die eerste maal in die Republiek bedryf word of, in die geval van 'n voorgestelde skema, die datum van wanneer af dit voorgestel word om daardie skema in bedryf te stel;

(c) die naam en adres van die promotor of, in die geval van 'n skema wat deur meer as een persoon bedryf word, die name en adresse van al die promotors, vermeld;

(d) die goedere of dienste beskryf wat die onderwerp van die skema uitmaak;

(e) meld of die transaksies wat ingevolge die skema deur deelnemers bewerkstellig moet word, in die hoedanigheid van werknemer of agent van die promotor of promotors of van een van die promotors of as 'n prinsipaal, bewerkstellig moet word;

(f) die rol van deelnemers of, as daar twee of meer as twee klasse deelnemers is, die rol van elke klas deelnemer, beskryf en, as daar van deelnemers verwag word om ander persone te beweeg om goedere te koop of van 'n diens gebruik te maak, aandui dat dit van die deelnemers verwag word om daardie ander persone aldus te beweeg;

(g) die bepalings en voorwaardes van die ooreenkoms uiteensit waarvolgens die persone wat genooi word om by die meervlakkige bemarkingskema aan te sluit, daaraan sal deelneem;

(h) die totale getal deelnemers aan die betrokke skema of, indien die skema verskillende klasse deelnemers betrek, die totale getal deelnemers in elke klas, op die datum van publikasie van die dokument of op 'n datum daarin aangegee wat nie vroeër as drie maande voor die datum van publikasie nie, vermeld; en

(i) waar die betrokke skema in bedryf was op die datum wat 12 maande voor die datum van publikasie van die dokument is, die totale getal deelnemers of, indien die skema op eersbedoelde datum meer as een klas deelnemer betrek het, die totale getal deelnemers in elke klas, op daardie eersbedoelde datum vermeld.

3. Niemand mag 'n dokument bedoel in paragraaf 2 uitreik, sirkuleer of versprei of deur iemand laat uitreik, sirkuleer of versprei nie, indien sodanige dokument—

(a) enige bewering of verklaring insluit dat die werwing van deelnemers maklik is, of dat deelnemers aan 'n meervlakkige bemarkingskema noodwendig finansieel by die skema sal baat;

(b) enige aanhaling of voorbeeld van die werking van die skema insluit, waarin die voordele wat 'n deelnemer kan toeval verduidelik word deur die besondere voordele te versamel waartoe 'n deelnemer as gevolg van elk van 'n reeks soortgelyke transaksies of ander gebeurtenisse geregtig is;

(c) aandui of suggereer dat 'n deelnemer te enige tyd of gedurende enige tydperk 'n bepaalde finansiële voordeel of 'n finansiële voordeel wat nie minder nie of groter as 'n bepaalde bedrag is as gevolg van die deelname aan 'n skema, sal bekom.

4. Geen promotor van of deelnemer aan 'n meervlakkige bemarkingskema mag—

(a) goedere of 'n diens aan 'n deelnemer aan die skema verskaf nie;

(b) provide goods or a service under a transaction effected by such a participant;

(c) be a party to any arrangement under which goods or a service are provided as aforesaid; or

(d) accept from any such participant any payment, or undertaking to make a payment, in respect of goods or a service provided as stated in any of the preceding paragraphs or in respect of goods or a service to be so provided;

unless—

(i) all the terms of the agreement under which the relevant participant is participating in the scheme are set out in an agreement in writing made between him and the promoter or, if more than one, each of the promoters;

(ii) a copy of that agreement has been furnished to that participant; and

(iii) that participant has the rights referred to in paragraph 5: Provided that if the relevant participant was participating in the scheme before the commencement of this notice, subparagraph (i) or (ii) shall not be so construed that the doing of anything mentioned in paragraph (a) to (d) is precluded.

5. The rights referred to in paragraph 4 shall be as follows:

(a) The right to terminate participation in the scheme at any time without penalty by giving seven days written notice of termination to the promoter or any of the promoters at an address in the Republic which has been furnished to the participant in writing;

(b) where notice is so given not more than seven days after the participant first agreed to participate in the multi-level marketing scheme and the participant so agreed after the commencement of this notice, the right to require the promoter or any of the promoters to repay him within 10 days after despatch of such written notice by the participant any moneys which he had paid to or for the benefit of the promoter or any of the promoters in connection with his participation in the scheme or paid to any other participant in accordance with the provisions of the scheme, less—

